kategese '09

graad 7 - 10

Sondag 20 | 6 September

JOSEF

PUNCHLINE – LEER DIE KINDERS DIE VERHAAL VAN JOSEF

Debrief

- Beplan jou eie.

Luister!

- Teks: Gen 37-48 (vertel die storie hieruit en lees dele – beplan jou les)

Gesprek!

Kyk na die OT Groot verhaal en sien waar Josef inpas (Verduidelik Genesis staan die begin)
Maak seker die kinders leer die verhaal (wees kreatief oor hoe jy dit aanbied) en staan stil by die verskillende temas aangedui, vra vrae daaroor en kyk wat die kinders self leer deur die verhaal. As Josef se lewe 'n film was sou jy dit so kon indeel:

SCENE 1 - Josef se kinderdae waar hy droom oor sy broers en sy pa wat hom voortrek (Joseph and the amazing technicolor dreamcoat!)
[Verhoudings in die gesin, jaloesie en afguns)

SCENE 2 - Josef se broers gooi hom in 'n put en verkoop hom as slaaf – sy pa dink hy is dood.
[Het die Here ons verlaat in moeilike tye? Hoe hanteer ons probleme?)

SCENE 3 - Josef werk in Potifar se huis en word in die tronk gegooi.
[Josef staan op vir sy waardes in VERSOEKINGS!)

SCENE 4 - Josef lê die skinker en bakker se drome uit in die tronk.
[Glo ons in toevalligheid? Hoe hou Josef hoop in die tronk?]

SCENE 5 - Josef lê die Farao se droom uit en word aangestel oor Egipte
[Leierskap en gawes – Josef gebruik syne en die Here seën hom]

SCENE 6 - Sy broers soek kos in Egipte en Josef stuur hul terug met geld
[Emosies en keuses oor dinge wat baie moeilik is]

SCENE 7 - Benjamin keer terug en Josef sit die silwerbeker in sy graansak.

SCENE 8 - Josef onthul sy identiteit
[Vergifnis – hoe hanteer ons dit? Wie moet ek vergewe?]

SCENE 9 - Jakob en Josef herenig – Verblyf in Egipte!

Groot temas:

- Hoe is die Here teenwoordig in ons lewens en hoe gebruik Hy ons?
- Hoe hanteer ek moeilike dinge en kan ek hoop hê?]
- Vergifnis!
- Wat leer ek by Josef se karakter?

Wrap-up!

- Bid saam en vir die kerk.
- ONTHOU OM TE GESELS OOR DIE SEEKAMP!
- **Mail my met enige idees of terugvoer oor die les: zvdwesthuizen@gmail.com**